

4

GOD HET MENSE GEROEP

God roep mense soos ons om vir Hom te werk

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet die oorhoofse chronologie vanaf die aartsvaders en die konings van Israel in die Ou Testament tot by Jesus se geskiedenis in die Nuwe Testament ken.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet –

- wat die volgorde is van die aartsvaders en konings, en dit op 'n tydlyn kan uitpak; en
- wat die volgorde is van gebeure in die geskiedenis van Jesus aan die hand van die name van sleutelpersone.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat God deur die verloop van die geskiedenis in beheer is en regeer.

Vaardigheid

Die kinders moet die belangrikheid van die goue draad van God se voorsienigheid in die geskiedenis aan ander soos hulle familie en vriende kan oorvertel.

MEER INLIGTING

Ons het in die vorige drie lesse gesien dat –

- God van die begin af met mense praat en in hulle lewens betrokke is;
- God mense gebruik om deel te vorm van die plan wat Hy met die geskiedenis het; en
- gelowige mense glo dat God oor alle tye in beheer is en dat Hy by die lewens van sy kinders betrokke is.

Ons gaan in vandag se les sien –

- hoe die aartsvaders en die konings van die Ou Testament en die mense in die tyd toe Jesus op aarde was, deur God geroep is om deel te word van God se plan met die wêreld.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- 15 kaarte, elk met een naam van die persone uit Lesse 1, 2 en 3 daarop geskryf: Abraham, Isak, Jakob, Saul, Dawid, Salomo, Rehabeam, Elisabet, Johannes die Doper, Maria, Keiser Augustus, Simon Petrus, Pilatus, Herodes, Simon van Sirene.
- 'n Baie kort beskrywing van wie die persone hierbo was.
- Een of twee tafels wat 'n lang genoeg oppervlak skep om die 15 kaarte in een lang lyn uit te pak.
- 3 papierborde waarop onderskeidelik geskryf staan *1 000 jaar voor Christus; Die geboorte van Jesus Christus; en 35 jaar na Christus.*
- 'n Tou of lint wat oor die lengte van die uitpaktafels sal strek om as voorstelling van die tydlyn te dien.
- 'n Kussingsloop of 'n groot koevert.

KOM ONS BEGIN

Laat een van die kinders met gebed open.

HET HULLE ONTHOU?

- Kyk hoeveel kinders in staat is om die memoriseerteks van verlede week te kan opsê.
- Bespreek die gedeelte oor Romeine 12 (hieronder) wat die kinders gedurende die week moes voltooi, en deel die antwoorde met hulle.

WAT LEER HIERDIE GEDEELTE ONS OOR HOE ONS CHRISTELIKE LEWE MOET LYK?

<ul style="list-style-type: none">• As wat moet Christene hulleself aan God gee? (vers 1)	<ul style="list-style-type: none">• <i>As lewende en heilige offers.</i>
<ul style="list-style-type: none">• Hoe leef mense wat hulle denke deur God laat hernuwe? (verse 2, 3, 9-10, 13)	<ul style="list-style-type: none">• <i>Hulle weet wat goed en volmaak is (vers 2).</i>• <i>Hulle dink nie te veel van hulleself nie (vers 3).</i>• <i>Het lief, verafsku wat sleg is, bewys eerbied (verse 9-10).</i>
<ul style="list-style-type: none">• Wat moet ons nie in die sondige wêreld doen nie? (vers 2)	<ul style="list-style-type: none">• <i>Moenie aan die sondige wêreld gelyk word nie.</i>

<ul style="list-style-type: none"> Hoe moet ons wees en <i>nie</i> wees <i>nie</i>? (verse 3, 6-8, 16) 	<ul style="list-style-type: none"> <i>Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie.</i> <i>Wees beskeie.</i> <i>Gebruik gawes met toewyding en blymoedigheid.</i> <i>Moenie hooghartig wees nie, wees nederig.</i> <i>Moenie eiewys wees nie.</i>
<ul style="list-style-type: none"> Wat moet ons met vyande en vervolgers doen? (verse 14, 17, 19, 20, 21) 	<ul style="list-style-type: none"> <i>Seën julle vervolgers.</i> <i>Moenie vervolgers vervloek nie (vers 14).</i> <i>Moenie kwaad met kwaad vergeld nie (vers 17).</i> <i>Moenie self wraak neem nie (vers 19).</i> <i>As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet, en as hy dors is, gee hom iets om te drink (vers 20).</i> <i>Oorwin die kwaad deur die goeie (vers 21).</i>

VANDAG LEER ONS

Ons doen vandag op 'n praktiese manier hersiening van die vorige 3 temas. Ons gaan die 15 kaarte met name daarop gebruik om 'n volgorde van die geloofsgeskiedenis (ons noem dit die chronologie) te maak.

IETS INTERESSANT

- Behandel die hoofpunte by MEER INLIGTING.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:


- God praat van die begin af met mense en is van die begin af in hulle lewens betrokke.
- God gebruik mense om deel te vorm van die plan wat Hy met die geskiedenis het.
- Gelowige mense glo dat God oor alle tye in beheer is en dat Hy by die lewens van sy kinders betrokke is.
- Die aartsvaders en die konings van die Ou Testament, en die mense in die tyd toe Jesus op aarde was, is deur God geroep om deel te word van God se plan met die wêreld.
- Voor Christus* beteken alles wat gebeur het voor Jesus se geboorte in die jaar 0. 500 vC beteken dus vyfhonderd jaar voor Jesus se geboorte.
- Na Christus* beteken alles wat gebeur het na Jesus se geboorte in die jaar 0. 2015 nC beteken dus tweeduisend en vyftien jaar na Jesus se geboorte.

IETS OM TE DOEN

- Die kinders hoef nie elke naam, soos by *Jy het nodig* hierbo, se presiese tydperk te ken nie. Lê klem op die volgorde en die rol wat die persoon in die Bybel vertolk.
- Die kinders moet verstaan wat *voor Christus* en *na Christus* in die tydlyn beteken.

IETS OM TE DOEN

- Skommel die volgorde van die kaarte deurmekaar en plaas dit in 'n kussingsloop of groot koevert.
- Plaas die papierborde met die tydperke op die tafel uit soos in die voorbeeld hieronder.
- Span ook die tou of lint op die tafel soos op die voorbeeld.
- Laat die kinders in groepies van twee 'n kaart uit die kussingsloop of koevert neem en dit op die tydlyn gaan plaas.
- Help die kinders om uiteindelik die 15 kaarte in die volgende volgorde te voltooi:



Van links na regs: Abraham, Isak, Jakob, Saul en dan by Dawid die 1 000-jaar-vC-bord. Daarna Salomo, Rehabeam, Elisabet, Johannes die Doper; en dan by Maria die Geboorte-van-Jesus-bord. Daarna Keiser Augustus, Simon Petrus, Pilatus, Herodes; en dan Simon van Sirene by die 35-jaar-nC-bord.




- Na afloop van die aktiviteit is dit baie belangrik om al die name in die lyn weer kortliks te behandel en die kinders te herinner aan die agtergrond van elke naam, sodat die chronologie duidelik word.
- Met groot klasse kan die uitpakdeel van die oefening selfs in twee of selfs meer groter groepe plaasvind met 'n kompetisiekomponent. Meer as een stel kaarte en tafel, ensovoorts, sal dan nodig wees.

BY DIE HUIS

DOEN

Laat die kinders die volgende saam met hulle ouers by die huis doen:

Hulle lees die teksgedeeltes by die name en vul in hoe God hierdie mense geroep het en wat die opdrag was wat Hy vir hulle gegee het.

 Teksgedeelte(s)	 Hoe het God geroep?	 Wat was die opdrag?
Moses Eksodus 3: 1-10 Eksodus 4: 10-17	<i>Die engel van die Here het in 'n vlam, binne-in 'n brandende doringbos, verskyn. Die bos het aanhou brand maar nie uitgebrand nie.</i> <i>God het gesê: "Moses, Moses!"</i>	<i>God stuur hom na die farao sodat hy die Israëliete uit Egipte kan bevry.</i> <i>God sal by hom en Aäron wees, ook as hulle moet praat, en hulle leer wat om te doen.</i>
Samuel 1 Samuel 3: 1-18 1 Samuel 9: 17-27	<i>Die Here het Samuel geroep terwyl hy geslaap het in die tempel waar hy diens gedoen het.</i> <i>Die Here het gesê: "Samuel, Samuel!"</i>	<i>Hy moes aan Eli die openbaring van God gaan oorvertel.</i> <i>Hy moes die eerste koning van Israel salf.</i>
Maria Lukas 1: 26-38 Lukas 2: 1-20	<i>Die engel van die Here het aan haar verskyn en met haar gepraat.</i> <i>Die engel het gesê: "Moenie bang wees nie, Maria. God bewys genade aan jou".</i>	<i>Sy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring. Sy moet Hom Jesus noem.</i> <i>Maria het alles wat oor Hom gesê is, onthou en baie daaroor nagedink.</i>

LEER

Die memoriseerteks vir hierdie week is:

Die Here het gekom en gaan staan en soos die vorige kere geroep: "Samuel, Samuel!" En Samuel sê: "Praat, Here, u dienaar luister!" (1 Samuel 3: 10)

Om met die ouers te reël

- Les 5 word as 'n gesinsles aangebied. Die tema van die les is *Geloofsverhale uit ons familie*. Ouers word gevra om saam met hulle kinders na die klas te kom en gereed te wees met die volgende:
 - 'n Fotoalbum van hulle voorouers, indien beskikbaar, of foto's van die kind(ers) by die gesin se doopgeleentheid.
 - 'n Geloofsverhaal van enige van die vorige of huidige familielede om aan die groep te vertel. ('n Geloofsverhaal is 'n gebeurtenis waar iemand se lewe kan getuig van die

teenwoordigheid en krag van God, byvoorbeeld genesing van siekte, bewaring deur 'n moeilike tyd, lewensveranderende oomblik, merkwaardige belewenis, ensovoorts.)

- Om indien daar nie spesifieke oomblikke herroep kan word nie, te vertel wat hulle van hulle kinders se doop kan onthou (byvoorbeeld watter kerke en plekke).
- 'n Goeie beginpunt is om vooraf met een kind se ouers te reël om eerste hulle verhaal te deel. Dit sal aan die ander ouers vrymoedigheid gee om ook deel te neem.
- Die ouers word ook gevra om die boek Rut gedurende die week saam met hulle kinders te lees vir die bespreking volgende week.
- Herinner die ouers op Vrydag per SMS aan die volgende Sondag se byeenkoms.
- Stuur ook gedurende die week 'n SMS aan elke kind om hom of haar aan te moedig om hard te werk om die werk wat voor Sondag gedoen moet word, af te handel.

AFSLUITING

Sluit af met 'n gebed, of laat een van die kinders 'n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël.